Bybel vir Kinders
bied aan

Die Mans Wat Nie Wou Kniel Nie

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Jonathan Hay

Aangepas deur: Mary-Anne S.

Vertaal deur: Gert Badenhorst

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Koning
Nebukadnesar
het 'n groot, goue
beeld laat maak,
goud van kop
tot tone!



Miskien het die koning vergeet van die droom waarin God hom gewys het dat sy goue koninkryk nie vir altyd sou bestaan nie.



Miskien het hy gedink dat as hy 'n standbeeld geheel en al van goud maak, God se Woord in die droom nie waar sou word nie.



Een van die koning
se amptenare het
sy opdrag aan
al die mense
voorgelees:

"... julle moet neerval en die goue beeld aanbid ... en wie ook al nié neerval en die beeld aanbid nie, sal in 'n brandende vuuroond gegooi word."

Almal het gedoen wat die koning beveel het – behalwe drie manne.

Hierdie manne was Hebreërs. Hulle was Sadrag, Mesag en Abednego, vriende van Daniël.

Dit lyk of Daniël nie op daardie tydstip by was nie, ...

... want hy sou sekerlik ook geweier het om 'n mensgemaakte afgodsbeeld te aanbid.

Die koning se raadgewers was jaloers op Daniël en sy vriende, want die koning het van hulle gehou. Toe sê hulle:

“Daar is drie mans wat u as ministers oor die provinsie Babel aangestel het – Sadrag, Mesag en Abednego.

Hierdie mans gehoorsaam u nie, o Koning. Hulle dien nie u gode nie en aanbid ook nie die goue beeld wat u laat oprig het nie."

Koning Nebukadnesar was woedend.



Hy het hulle gewaarsku: "As julle nie die beeld aanbid nie, sal julle binne-in 'n brandende vuuroond gegooi word. En watter god sal julle uit my mag kan red?"

Die koning het 'n groot fout gemaak. Eintlik het hy die lewende God uitgedaag. Die drie Hebreeuse mans het geweet dit was teen God se wet om 'n beeld te aanbid.

Hulle het weer bly staan.
Omdat hulle op God vertrou het, was hulle nie bang vir die koning nie.

Hierdie drie dapper manne het 'n antwoord vir die koning gehad: "Ons God wat ons dien, is instaat om ons uit die brandende vuuroond te red.



En selfs al red Hy ons nié, o Koning, moet u weet dat ons nié u gode sal dien of die goue beeld sal aanbid nie."



Koning Nebukadnesar was baie kwaad! Hy het beveel dat die oond sommer sewe keer warmer as gewoonlik gemaak moet word.



En steeds
wou die manne
nie neerkniel
nie.



Die koning het 'n paar sterk manne van sy

weermag opdrag gegee om Sadrag, ...

... Mesag en Abednego
vas te bind
en hulle
binne-in
die brandende
vuuroond te gooi.

Die oond was só warm dat die manne wat Sadrag, ...

... Mesag en Abednego in die vuur gegooi het, deur die hitte doodgebrand is.

Die koning het van 'n veilige afstand af toegekyk.

Hy het gesien hoe die manne binne-in die vuuroond gegooi is. Maar dis nie ál wat hy gesien het nie.

Koning Nebukadnesar was verstom! "Het ons nie drié vasgebinde mans in die oond gegooi nie?" het hy sy helpers gevra.

"Ja," het hulle geantwoord.
Toe sê die koning:
"Kyk, ek sien
viér mans los
rondloop
binne-in
die vuur;
en hulle
het niks
oorgekom
nie.

En die vierde een lyk soos 'n hemelwese!"



Die koning het tot naby die ingang van die oond gegaan en geroep:

“Sadrag, Mesag en Abednego, dienaars van die allerhoogste God, kom uit!”

Toe het Sadrag, Mesag en Abednego uit die vuuroond uitgekom.

Almal het saamgedrom rondom die drie Hebreërs en hulle ondersoek. Hulle het gesien dat die vuur hulle nie kon brand nie.

Hulle hare was nie geskroei nie en hulle klere nie gebrand nie. Mens kon nie eens ruik dat hulle in die vuur was nie.

Toe hy besef wat gebeur het, het koning Nebukadnesar 'n verstandige ding gedoen.

Hy het gebid en gesê: "Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars, wat op Hom vertrou, gered het."

Die Mans Wat Nie Wou Kniel Nie

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Daniël 3

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God!
Johannes 3:16